# Gesels saam

## GRAAD 1-3

## WELKOM

Sing die liedjie "**Die wyse man bou sy huis op die rots (https://youtu.be/XBgZu0r2JaQ?si=YpqiFHI6D4Q0xN5M)**" saam.

## WONDER

Vertel die storie van 2 Konings 22 en 23 vir die kinders op 'n eenvoudige manier. Lig 2 Konings 23:3 (*Die Bybel vir almal*) uit:

[Koning Josia] het boodskappers gestuur en hy het gesê die leiers van Juda en Jerusalem moet bymekaarkom by hom. Hy het na die tempel gegaan. Al die leiers van Juda en Jerusalem was saam met hom, en ook die priesters en die profete en al die mense, die belangrike én die onbelangrike mense. Hy het vir hulle gelees wat geskryf is in die verbondsboek wat die hoëpriester in die tempel gekry het. Daarna het die koning by die pilaar gaan staan. *Hy het belowe dat Hy die Here altyd sal dien en dat hy alles sal doen wat die wette van die Here sê. Hy het belowe om te doen wat die Here wil hê en om die verbond te hou waaroor daar in die boek geskryf is.* Al die mense het dit saam met die koning belowe.

*Opsioneel:* **Julle kan ook die volgende video kyk. (https://www.youtube.com/watch?v=zbOLxBHhvkA)**

## WEES

Laat die kinders hulle eie boekrol maak.

Gee vir elkeen 'n skoon vel papier (A5). Skryf vooraf "Ek bou my lewe op God" onderaan elke papier (op die kort sy). Laat die kinders 'n prentjie van hulleself op die papier teken.

Gee vir elkeen twee stokkies. Dit kan sosatiestokkies, plastiekpyp of iets soortgelyks wees. Die stokkies moet lank genoeg wees sodat dit verby die rande van die papier steek. Laat hulle 'n stokkie op elk van die twee kort sye van hulle papier plak. Wanneer die gom droog is, kan hulle hulle boekrolle oprol.

Verduidelik vir die kinders dat hierdie boekrolle ons help onthou dat ons ons lewe op God moet bou soos koning Josia.

## WEGSTUUR

Wys jou boekrol vir jou huismense en vertel vir hulle dat ons ons lewe op God moet bou.

---